

# 'N HUIS VIR 'N WARM DISTRIK.

(Deur Gerard Moerdyk.)


Die mees geskikte posiesie om hierdie huis in te sit indien dit in 'n warm gedeelte van die land gebou word, sou wees, dat die ingang naar die noorde of liewer naar die noordweste wys, dan sal die woongedeelte van die huis die heel dag lekker koel wees. Dit is waar dat die eetkamer en die spens die vroeë moreson kry maar dit is in elk geval beter as noorder of weste-son. In die somer is die weste son veral baie lastig. Die woonkamer word beskerm teen die son deur die groot vestibule wat tog ook tegelykertyd 'n aangename indruk maak.

Dit is 'n mooi plek om dinge van kunswaarde in te sit soos die porselynkaste in die ou Kaap-Hollandse huise. Die kombuis het een venster waar die warm son sal deurkom, maar die venster kan nie vermy word nie want dit is noodsaaklik om 'n deurtog in die kombuis te kry. 'n Verder venster in die weste muur sou nog aangenamer wees.

Die slaapkamers is naar die weste kant, hulle sal s'middags in die somer onangenaam warm wees maar dit is die beste om hulle aan die kant te sit. 'n Slaap kamer word tog meestal snags of in die vroeëmore gebruik en dan is hulle lekker koel.

Die groot stoep waar die woonkamer op uitkom is aan die koelste kant van die huis en sal selfs op die warmste dag 'n lekker plek wees. Dit is daarom tog selfs in 'n warm distrik aan te beveel om 'n huis aan die suidekant te beskerm met bome anders word dit onaangenaam koud en winderig in die winter.


Die slaapkamers is heeltemal privaat en word deur een enkele deur afgesluit van die res van die huis, Op 'n eensame plek is soiets aan te beveel. Voor al die vensters sou ek nog luike aanraai, sodat die vensters kan ope staan sonder gevaar van inbraak.




PLAN

Gerard Moerdyk
Argitek

(Mnr. Moerdyk is heeltemal bereid om vrae te beantwoord en wenke te gee oor die onderwerp. Nou vra ons ons leseresse om die plan te kritiseer—moontlik siet een en ander iets wat na haar mening verkeerd is in die plan of sy kry 'n gedagte om hier en daar iets te kan byvoeg vir die gerief van die huisvrou of vir versiering van die woning. Mnr. Moerdyk skryf: Baie hang af van die oogpunt waaruit dit beskou word. Gemak, gesondheid, skoonheid, spaarsaamheid, duursaamheid, verkoopbaarheid, ens."



TUIN AANSIG